

# Onse Liewe Vrou van die Rosekrans 7 Oktober

Hierdie fees is deur die heilige pous Pius V ingestel om die seeslag van Lepanto op 7 Oktober 1571 te herdenk. Die oorwinning van die Christenvloot oor dié van die Ottomane het Wes-Europa van Moslem oorheersing gered. In die voorafgaande weke is gebedsprosessies in talle Europese stede gehou waar die bid van die Rosekrans soos 'n noodkreet opgegaan het. Die Rosekrans was eeuelank die gebedsboek van die gewone mense wat in die rustige ritmiese herhaling van dié geloofswaarhede hulle geloof leer ken het en hul verhouding met God verdiep het.

#afrikaanskatoliek